

GEREFORMEERDE GEMEENTE PTA-MONTANAPOORT

(Geselsnota vir die week)

"En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus . . ."

Gegroet in die Naam van Hom wat die Koning van alle konings is én jou en my verlosser is. Mag die Here Jesus se Koningskap in jou lewe vir almal sigbaar wees.

WOENSDAG . . . . WEEKSDAG . . . . WERKSDAG!

- ✓ Maak die beste gebruik van elke geleentheid;
- ✓ Fokus op wat ewigheidswaarde het;
- ✓ Dink voor jy doen;
- ✓ Maak seker jy het reg gehoor alvorens jy reageer;
- ✓ Maak vir jou skatte bymekaar waar mot en roes nie vatplek het nie.

En moenie vergeet nie . . . . Jý is doel(bewus) deel van elke dag, want sê Cas Vos:

"ONS MOET VERF WORD, 'N KWAS WAT GOD KAN GEBRUIK OM SY SKILDERY VAN DIE NUWE HEMEL EN DIE NUWE AARDE TE SKILDER . . . ."

Wat 'n genadevreugde om lewende getuienis van God en Sy genade te mag wees!

EN

As jou enigste doel en strewe slegs is om God te behaag en jou naaste te bevoordeel, sal jy innerlik vry wees!

Bybelteks as dag- en lewensteks:

"Wie ken die bedoeling van die Here?
Wie gee Hom raad?"

(Romeine 11:34)

Voor ek groet:

- Wees goed vir jouself.
- Dien die Here.
- Lewe asof vandag jou laaste dag op aarde is.
- Vervul jou roeping en maak n reuse verskil.
- Lag vir jouself, maar wees jouself.

Groete in Jesus Christus.

Dr. Pieter Heystek (ook 'n Montanapoorter)